# DIE PRESTASIES VAN DIE ZOELOE-AGTERRYER JONAS VAN TONDER

deur

ADJUDANT J. N. BRINK D.T.D.

KORT na die wrede moord op Piet Retief en sy volgelinge te Umgungundhlovu het 'n kommando bestaande meestal uit burgers van die distrik Winburg na Natal vertrek om Dingaan te gaan help verslaan.

Onder die Winburg se burgers was o.a. Wessel Wessels en A. C. Greyling van Korannaberg. Laasgenoemde was 'n neef van A. C. Greyling wat een van die slagoffers van die moord was, en sy naam verskyn ook op die Piet Retief gedenkteken te Dingaanstat. By hulle aankoms by Dingaanstat, was die stat reeds aan brand en Dingaan was na Swazieland gevlug, alwaar hy later vermoor is. Met die vlug van die Zoeloes uit die stat, het 'n aantal Zoeloekinders agtergebly. Die boere het hulle gevang om te voorkom dat hulle van honger sou omkom.

Greyling het 'n Zoeloetjie geneem en ene Van Tonder, 'n maat van Greyling, het daardie kaffertjie voor op sy perd vasgehou. Hy was na skatting omtrent sewe jaar oud. Hulle het hom die naam Jonas van Tonder gegee, en hy het toe op Van Soelenshoek by Greyling in die huis grootgeword. Later het sy baas vir hom 'n vrou gekoop toe daar 'n hongersnood onder die Swazies geheers het. Haar naam was Swartjie. Hulle was baie getroue volk.

Jonas het dikwels gesê dat hy nog goed kan onthou dat toe hulle besig was om hom te vang, baas Abraham hom eerste gegryp het toe hy in die bos ingehardloop het. Jonas was toe later ook agterryer van Greyling gedurende die Basoetoeoorlog van 1868, toe die Boerekommando Basoetoland binnegetrek het. Hy het meer as een keer die Boere raad gegee, soos byvoorbeeld toe die burgers een keer die beeste wat hulle van die Basoetoes gebuit het, wou los. Toe sê Jonas: „Dit sal 'n groot fout wees. Dit sal die Basoetoes weer moed gee en hulle sal ons bestorm." By die bestorming van Tiennieberg moes Greyling en Jonas langs 'n voetpad by die berg wag sit. Jonas was gewapen met 'n lang ou sannageweer wat hy regop vasgehou het. Dit was al skemerdonker en daar kom toe 'n paar burgers by hulle verby en een van hulle loop hom vas teen Jonas se lang geweer. Hy sê toe: „Oom, jy moet jou tentpaal 'n bietjie wegdraai." „Nee neef", sê Jonas, „ek draai my tentpaal nie weg nie. Ek moet my plek in besit hou." Die burgers het nooit geweet wie dit was nie. Die volgende oggend was Jonas opsy, sodat niemand iets kon uitvind nie.

Jonas is dikwels gelas om van 'n hoë krans oor 'n kloof as tolk te dien wanneer die kommandant met die Basoetoes onderhandel. Hy het sy pligte in ieder opsig so getrou nagekom dat na die oorlog, toe hy terug was sy oubaas Greyling op 'n deel van sy plaas bo-op Korannaberg ongeveer 50 morg vrugbare grond in sy testament vir Jonas en sy vrou, die flukse ou Swartjie, en sy nageslag nagelaat het. Hy het nie ver van 'n sterk fontein 'n lemoenboordjie aangelê en

'n vrugteboord met 'n tuin. Sy woning was 'n hol krans wat oorgehang het, en daarvan het hy vir hom 'n woning gemaak deur 'n klipmuur voor die krans te bou. 'n Klein afstand vandaar het hy en sy kinders later twee netjiese rondawels gebou. Hy het dié laat meubileer ook met netjiese katels en beddegoed.

Aia Swartjie het gesorg dat dit daar alles skoon en sindelik uitgesien het, want sy kon nooit weet wanneer daar onverwags blanke besoekers sou aankom nie om die plek te bekyk en alles te aanskou van bo-op die berg en dan ook spesiaal Jonas te besoek en van sy baie ervarings te gesels.

In daardie dae was, weens die groot afstande tussen dorpe, dit nodig om in geval van nood 'n doodkis altyd gereed te hê. Op die solder van die woning was daar dan ook 'n doodkis wat vir die weduwee van A. C. Greyling bestem was, maar sy het 96 jaar oud geword om haar dubbele 5de geslag te beleef, en toe sy sterf, is sy in 'n fraai kis begrawe en die kis op die solder aan Jonas geskenk. Hy het op Korannaberg in 1917 gesterf en is aldaar begrawe. Baie besoekers was op sy begrafnis. Sy vrou, Aia Swartjie, het 'n paar jaar later in die Winburglokasie gesterf en is aldaar begrawe.

Met nagmaalgeleentheid op Marquard het ds. Theron en sy ouderling gereeld die volgende Maandag na Korannaberg gegaan, die steil pad na ou Jonas se woning uitgesukkel en aldaar het hy aan hom en Aia Swartjie die nagmaal bedien. Gedurende die slag van Mushroom Valley, gedurende die Rebellie, het ou Jonas van bo die berg alles beskou. Hy sien toe daar kom drie burgers na hom, wat die berg uitgeklim het. Hulle vertel hom toe dat hulle Rebelle is wat die berg ingevlug het en of hy hulle verder die pad kan beduie na die plase daar onder die berg. Ou Jonas sê toe aan hulle dat hulle baie versigtig moet wees want (en hy wys na die plase) daardie boer en daardie boer is Regeringsmense, maar daardie boer heel regs, hy is 'n goeie man en sou hulle seker help, en nadat hy die drie van voedsel voorsien het, en Aia Swartjie vir hulle koffie geskink het, is hulle die berg af en het hulle gelukkig by 'n medelydende boer beland wat hulle verder ook behulpsaam was om reg te kom. Hulle was vreemdelinge van Harrismith.

Die nagedagtenis van daardie flukse agterryer Jonas van Tonder sal bly voortleef en hy verdien ten volle die hulde en agting van diegene wat hom geken het en sy prestasies bewonder het.

---

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*Randa, Alexander,* samengesteld door, Geschiedenis der Mensheid, in het Nederlands bewerkt onder leiding van dr. O. Noordenbos, Deel I, pp. 377, De Bezige Bij, Amsterdam, N.V. Standaard-Boekhandel, Antwerpen, 1956.

*Cottrell, Leonard,* De Bergen van Pharao, 2,000 jaren pyramiden-onderzoek, pp. 256, De Bezige Bij, Amsterdam, 1957.